

-RADIKALE- CHRISTENSKAP

PAROW PANORAMA

Seen mekaar

Daar is 'n gebruik by gelowiges om Vrydagaande hul gesinsaad te maak. Dan dek hulle tafel, berei saam ete voor en dan kry elkeen geleentheid om te gesels oor sy week. Maar dan gebeur daar 'n baie besondere oomblik – Elkeen kry geleentheid om die persoon wat gepraat het te sien. Dit kan n kompliment wees, of dit kan iets wees wat vir jou uitgestaan het by die persoon die week. Ons radikale Christenwees wil hierdie geloofsgewoonte ook in ons gesinne begin vestig.

Voorstelle vir die week

Komplimente houer



Sit iewers in julle huis 'n glasbak of houer neer met papiertjies en 'n potlood langsaan. As jy in die week iets sien wat een van julle gesinslede doen wat vir jou kosbaar of positief of opbouend is – gaan skryf die persoon se naam en die daad op die papiertjie en plaas dit in die houer. Een keer 'n week besluit julle dan om die houer te neem en al die papiertjies saam te lees – vier dit met mekaar

Opstaantyd

Kies 'n liedjie, Bybelteks of seën gebed wat julle elke oggend met opstaantyd met mekaar kan deel. (bv. Ons is lief vir Jesus en ons is lief vir mekaar - Matt 22)

Badkamerspieël

Plak 'n papier op die badkamerspieël met hierdie woorde daarop: “Die Here het my skoon gewas. Ek is gedoop. Ek behoort aan Hom!” Sê dit sommer hardop elke oggend.



In die motor

Stel 'n speellys saam om in die motor te luister wanneer julle saam iewers heen ry. Gee vir elkeen geleentheid om sy keuse van liedjies te kies. Soek elke dag na iets langs die pad wat julle aan God herinner.

Eet saam

Maak plekmatjies met 'n seëngebed daarop wat julle tydens of voor elke ete saam kan bid.

Maak 'n familiekers wat julle elke aand kan aansteek.

Plak 'n spesiale teksvers (soos 1 Kor 10:31) op die kers en lees dit saans saam.

Breek een keer per week 'n broodjie as simbool van Jesus se teenwoordigheid by julle.

Sit 'n klein bakkie met wa ter op die tafel en voordat julle saam eet – plaas jou hand in die water en dan op jou voorkop en sê saam die woorde – Ek behoort aan die Here



Slaaptyd

Bid voordat julle gaan slaap.

Deel iets wat iemand in die gesin gedoen het waarop julle trots is.

Maak 'n kruisie op mekaar se voorkoppe en herinner mekaar dat Jesus by julle is wanneer julle nou gaan slaap. Herinner mekaar met die woorde: "Jy is great! Jy is God se kind!"

